

**27 April**

**Lukas 10:38-42, (Teks: 10:42)**

***Besig met die dinge van God of met die God van die dinge?***

Martha doen baie moeite om Jesus so goed as moontlik in haar huis te ontvang. Haar effense verergdheid oor Maria, wat by Jesus se voete bly sit, is daarom seker verstaanbaar. En tog praat Jesus, in antwoord op haar verwyd, nie met Maria nie, maar met Martha. Met haar gejaag en gespoek om alles gereed te kry het sy haar ontstel oor nie-noodsaaklike dinge.

Hoe woel en werskaf en spook ons nie dikwels met dinge wat op sigself nie verkeerd of sondig is nie, maar ten diepste tog nie noodsaaklik nie. Ons dagtaak en roetine laat ons dikwels uitgeput en uitgebrand neersak en dan het die wesentlike dinge nog geen aandag ontvang nie. Dan is daar nog steeds niks met ewigheidswaarde waarna ons kan terugkyk nie.

Maria se gesindheid staan teenoor dié van Martha. Sy maak haar tuis aan die voete van haar Meester en luister aandagtig na sy woorde. Oor haar sê Jesus dat sy die "goeie deel" uitgekies het wat nie van haar weggeneem sal word nie. Hierdie "goeie deel" is 'n woord wat ook gebruik word vir 'n uitsoek-porsie van 'n maaltyd. Soos haar suster was Maria daarom ook besig met 'n ete, maar dis 'n deel van die ewige feesmaal wat sy vir haar neem. 'n Porsie wat nie opgeëet of verteer word nie, maar wat tot in ewigheid bly. Sy kies om deel te hê aan Jesus, aan sy woorde wat geestelik voed en ewigheidswaarde het. En dit sê Jesus is die noodsaaklike. Nie aardse betrokkenheid en 'n gewerfskaf met tydelike dinge nie, maar 'n lewende verhouding met Hom, die Here.

Waarmee was u vandag en gister besig? Dalk met soveel dat jy dit skaars kan opnoem? En hoeveel daarvan het ewigheidswaarde gehad? God het die goeie deel, die uitsoekporsie van deel hê aan sy Seun, vir ons gegee. Minag jy dit nie dalk ter wille van dinge wat geen waarde het nie?

Sing: Psalm 23:1,3

Ds. B.C. Smit (Eloffsdal)